LETABA SHOW

Ons Bou Landbou

Aangebied deur Agri Letaba

BRAHMANE

2018

INHOUD

BL.

1.	**Navrae**	**2**
2.	**Reëls en Regulasies**	**3**
3	**Brahman**	**9**

NAVRAE

PIETER GERBER: 072 298 5467
AUDREY DREWES: 082 787 2015
NAOMI EXCELL: 082 083 272 1998

Skoukantoor
Tel: 015 307 – 2725/3509
info@agriletaba.co.za/info@letabashow.co.za
Postnet Suit 387
Private Bag X4019
Tzaneen, 0850

REËLS & REGULASIES

Vereiste vir inskrywings

1. **Sluitingsdatum vir inskrywings is 6 Julie 2018. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.**

2. Geen hulpstamboek of ongeregistreerde beeste word toegelaat nie, behalwe waar die betrokke telersgenootskap dit sou toelaat.

3. Alle inskrywings moet geskied op die gedrukte vorm wat aan u gestuur is. Hierdie inskrywingsvorms moet deur die vertoner of sy agent voltooi en geteken word en moet die Skoukantoor op of voor 6 Julie 2018 bereik. Slegs bona fide eienaars mag meeding om pryse tensy anders vermeld.

4. Inskrywingsgeld moet die inskrywings in alle gevalle vergesel anders sal inskrywings nie aanvaar word nie. Inskrywings moet met kontant of bankdeposito betaal word. Posseëls word nie aanvaar nie.

5. Die Skou maak geen terugbetaling van inskrywingsgelde nie en is ook nie verantwoordelik vir enige gelde wat in die pos verlore raak nie.

6. LET WEL: Vir groepklasse word geen inskrywingsgeld betaal nie. Solank die dier as individu voor betaal word.

7. Die teler van 'n dier is die eienaar van die moeder by geboorte van die dier.

8. Ouderdomme word bepaal soos op 1 Augustus 2018.

9. Gespesifiseerde **TB** en **BM sertifikate** moet inskrywings vergesel en beskikbaar wees tydens die skou.

10. Die komitee sal die reg hê om inskrywings aan te neem van enige ras wat nie in die pryslys voorkom nie.

11. **Rooi en Wit klasse**
Rooi en Wit diere in die onderskeie klasse sal saam vertoon.

12. **Dragtigheid en vrugbaarheid**
Vroulike diere wat die ouderdom van 30 maande bereik het, moet alreeds gekalf het *(indiening van geboortekennisgewing dien as bewys)*, of moet die dag van beoordeling as dragtig gesertifiseer wees.

13. **Kalf datums**
Alleenlik kalfdatums wat deur middel van ’n geboortekennisgewings by die Raskantoor ingedien is ten tye van katalogus daarstelling sal geld.

Aanspreeklikheid van vertoner tydens die Skou.

1. Alle diere word op die skouterrein op koste en risiko van die vertoner gehou.

2. Elke vertoner sal persoonlik verantwoordelik gehou word vir enige skade of verlies wat voortspruit uit of veroorsaak word deur die teenwoordigheid van enige dier deur hom vertoon. Die Skou sal onder geen omstandighede aanspreeklik gehou word vir enige skade of verlies in verband daarmee nie. Insluitend die vervoer na en van die skougronde, asook tydens die tydperk teenwoordig op die skougronde.

3. Diere wat vasgemaak word, moet van 'n behoorlike tou of halter voorsien word en altyd onder beheer wees. Alle bulle ouer as vyftien (15) maande moet ’n neusring hê.

4. Die nodige handleiers moet deur elke vertoner verskaf word.

5. Eienaars van die diere sal verantwoordelik gehou word vir die gedrag van hulle werknemers of vir die gevolge van enige wangedrag van sulke werknemers en moet toesien dat sodanige werknemers hul toegangskaartjie aan hulle persoon dra.

6. Eienaars is verantwoordelik vir hul wernemers/touleiers se etes.

7. Vertoners word gevra om aankomstye en tye vir die verwydering van beeste te eerbieding.

Beoordeling

1. Beoordeling sal in die beoordelaarsring plaasvind, wat deur die Beestekomitee aangewys word. Tye sal in die program geplaas word.

2. Beoordelaars sal gemagtig word om eerste of ander pryse terug te hou indien inskrywings nie aan die betrokke rasvereistes voldoen nie.

3. Diere wat eerste en tweede pryse behaal het, moet meeding vir kampioentoekennings.

4. Beoordeling sal volgens die diskresie van die beoordelaars geskied en/of soos bepaal deur die betrokke telersgenootskap.

5. Enige beswaar moet skriftelik gemaak word waarin die rede van so 'n beswaar duidelik uiteengesit word en aan die Bestuur oorhandig word. Die beslissing van die betrokke Genootskap sal finaal wees.

6. **Daar word van vertoners verwag om toe te sien dat hul diere op tyd vir beoordeling ingebring word, anders loop hul gevaar om van beoordeling uitgesluit te word.**

7. Slegs beoordelaars, skou-amptenare en hanteerders sal in die ring gedurende die beoordeling toegelaat word.

8. Hanteerders moet hulle voorgeskrewe drag tydens beoordeling dra en te alle tye netjies wees.

Kontak Persone:

PIETER GERBER : 072 298 5467

NAOMI EXCELL: 083 272 1998

AUDREY DREWES: 082 787 2015

BANK BESONDERHEDE:
LETABA SKOU
FNB
REK: 6207 304 6586
VERWYSING: TELER NAAM
EPOS BEWYS EN INSKRYWINGSVORM NA:
info@letabashow.co.za

AKKOMMODASIE

Akkommodasie	Adres	Tel
Fairview Hotel www.fairviewlodge.co.za	Old Gravelotte Road	015 307 2680
Hotel@Tzaneen www.hoteltzaneen.co.za	Makakota street	015 307 7534
Tzaneen Country Lodge www.tznlodge.co.za	R71 via Phalaborwa, Tarentaalrand	015 304 3290
High Grove Lodge www.highgrovelodge.com	Agatha Straat (R36)	082 427 6888
Arbor Park Lodge www.arborparklodge.co.za	H/v. Soetdoring & Geelhut Straat	015 307 1831
Claire's Cottages www.clairescottages.co.za	42 Sirkelweg, Tzaneen	015 307 5888
Ivory Tusk Lodge www.ivorytusklodge.co.za	75 Douglas Straat, Tzaneen	015 307 2870/5
Mashutti Country Lodge www.mashutti.co.za	AB14 Agatha Road D523	015 307 4315
Sanloo Manor www.sanloo.co.za	3 Fees straat, Tzaneen	015 307 1101
Tamboti Lodge www.tambotilodge.com	18 Tamboti Straat, Tzaneen	015 307 4526

OUDERDOMME WORD BEPAAL SOOS OP 1 AUGUSTUS

GROEPKLASSE

Klas
Rooi/ Wit

1. Moedernageslag: Groep van twee diere, die nageslag van een koei, onder die ouderdom van 60 maande geteel en in besit van die vertoner.Die moeder word nie vertoon nie.

2. Vadernageslag: Groep van vier diere, die aanteelt van een vader, onder die ouderdom van 60 maande, verteenwoordigend van albei geslagte, geteel en in besit van die vertoner. Die vader word nie vertoon nie.

3. Drie koeie of verse onder 60 maande, geteel en in besit van die vertoner.

4. Drie bulle onder 60 maande, geteel en in besit van die vertoner.

5. Paar, manlike en vroulik dier tot en met 60 maande, deur die vertoner geteel en in besit van die vertoner.

6. Groep van vyf diere, tot en met 60 maande, verteenwoordigend van beide geslagte, geteel en in besit van die vertoner.

VROULIKE DIERE

Klas
Rooi/ Wit

7. Vers 8 tot 10 maande.
8. Vers 10 tot 12 maande.
9. Vers 12 tot 15 maande.

Kampioen Verskalf (Klasse 7-9)
Reserwe Kampioen Verskalf (Klasse 7-9)

Klas
Rooi/ Wit

10. Vers 15 tot 18 maande.
11. Vers 18 tot 21 maande.
12. Koei of vers 21 tot 24 maande.

Intermediêre Kampioen Vroulik (Klasse 10-12)
Reserwe Intermediêre Kampioen Vroulik (Klasse 10-12)

Klas
Rooi / Wit

13. Koei of vers 24 tot 28 maande.
14. Koei of vers 28 tot 32 maande.
15. Koei of vers 32 tot 36 maande.

Junior Kampioen Vroullik (Klasse 13-15)
Reserwe Junior Kampioen Vroulik (Klasse 13-15)

Klas
Rooi/ Wit

16. Koei of vers 36 tot 42 maande.
17. Koei of vers 42 tot 48 maande.
18. Koei 48 tot 60 maande.

Senior Kampioen Vroulik (Klasse 16-17)
Reserwe Senior Kampioen Vroulik (Klasse 16-17)

19. **Superkoei:** Minstens 3 kalwings, maksimum TKP 390 dae. Reproduksie (kalwings per ouderdom) tel 60% en boordelaarspunte 40%. Neem nie deel aan kampioenskap nie.

Ras Kampioen Vroulik
(Alle KAMPIOENE, uitgesluit die Reserwe Kampioene)

Reserwe Ras Kampioen Vroulik
(Slegs die Reserwe Kampioen van die Kampioen aangewys kom ook nou in aanmerking)

MANLIKE DIERE

Klas
Rooi/ Wit

1. Bul 8 tot 10 maande.
2. Bul 10 tot 12 maande.
3. Bul 12 tot 15 maande.

Kampioen Bulkalf (Klasse 20-22)
Reserwe Kampioen Bulkalf (Klasse 20-22)

Klas
Rooi / Wit

4. Bul 15 tot 18 maande.
5. Bul 18 tot 21 maande.
6. Bul 21 tot 24 maande.

Intermediêre Kampioen Manlik (Klasse 23-25)
Reserwe Intermediêre Kampioen Manlik (Klasse 23-25)

Klas
Rooi/ Wit

7. Bul 24 tot 28 maande.
8. Bul 28 tot 32 maande.
9. Bul 32 tot 36 maande.

Junior Kampioen Manlik (Klasse 26-28)
Reserwe Junior Kampioen Manlik (Klasse 26-28)

Klas
Rooi/ Wit

10. Bul 36 tot 42 maande.
11. Bul 42 tot 48 maande.
12. Bul 48 tot 60 maande

Senior Kampioen Manlik (Klasse 30-31)
Reserwe Senior Kampioen Manlik (Klasse 30-31)

Ras Kampioen Manlik
(ALLE KAMPIOENE, Reserwe Kampioene uitgesluit)

Reserwe Ras Kampioen Manlik
(Reserwe Kampioen van die
Kampioen kom ook nou in aanmerking)